CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

September 2015

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Voorsitter	Conradt Esterhuysen, ZS1ES	zs1es@bark.org.za
Sekretaris	David de Kock, ZS1DDK	zs1ddk@bark.org.za
Tesourier	Rassie Erasmus, ZS1YT	zs1yt@bark.org.za
CQ Boland	Fabian Palm, ZR1FQ	zr1fq@bark.org.za
Geleenthede	Andrè Shaw, ZS1AN	zs1an@bark.org.za
Bulletins	Olivier van Staden, ZS1OLI	zs1oli@bark.org.za
QSL	Jan van der Vyver, ZS1VDV	zs1vdv@bark.org.za

Gekoöpteer

Publieke informasie beampte

Deon Coetzee, ZR1DE pib@bark.org.za

Webmeester

Fabian Palm, ZR1FQ & Deon Heydenrych, ZS1G

Facebook

Fabian Palm, ZR1FQ

Epos kan ook gerig word aan zs1bak@bark.org.za

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
Frekwensies: 3670kHz, 7092kHz LSB en 145,700 FM
U kan ook na hierdie uitsending luister op “Echo Link” deur te koppel aan ZS1DCC.

WEBWERF

Bark.org.za

Facebook

facebook.com/bolandamateurradioklub

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na BARK se volgende ledevergadering op Saterdag 03 Oktober 2015 om **11:00** by die Voortrekker terrein te Stellenbosch. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleisvure brand.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste twee weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

zr1fq@bark.org.za

VAN DIE VOORSITTER

Die komitee het dit goedgedunk om ‘n geleentheid bekend as ‘Kom Ons Leer Mekaar Ken’ te organiseer. Die idee is dat nie slegs BARK lede bymekaar kom nie maar dat ons lede van al die klubs in die Weskaap uitnooi om die geleentheid by te woon. Tans ondersoek Andre, ZS1AN, die koste en beskikbaarheid van ‘n geskikte terrein. Enige insette sal verwelkom word.

Onthou ook dat dit nie slegs die komitee se plig is om geleenthede te reel nie. So het ‘n paar lede van BARK besluit om weereens ‘Hel’ toe te gaan en met die roepsein ZS9HEL soveel kontakte moontlik op 24 & 25 September 2015 te maak. Ek moedig lede aan om soortgelyke geleenthede te reel.

Die RTA word op 10 Oktober 2015 in die Weskaap aangebied en ek vertrou dat BARK lede weer goed verteenwoordig sal wees. Teen R130/lid met middagete, tee en koffie ingesluit is dit ‘n wenner.

Die volgende BARK ledevergadering vind plaas op 3 Oktober 2015 op Die Voortrekker terrein in Simonsbergweg, Stellenbosch. Ek sien daarna uit om u daar te sien.

Onthou dat u op hoogte kan bly deur BARK se Facebook blad facebook.com/bolandamateurradioklub of die webwerf http://bark.org.za te besoek.

Conradt,

ZS1ES

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 03 OKTOBER 2015

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 03 Oktober 2015 om **11:00** by die Voortrekker terrein te Stellenbosch. Die terrein is in Simonsbergweg. Sien aangehegte kaart hieronder.

Bring alles saam wat u nodig het om te braai. Dit sluit die rooi-koeldrank in.



DIE WES- KAAP SE PLATTELANDSE HERHALERS

Deur, Ean ZS1PR- DURBANVILLE

Sedert ek vroeër vanjaar van my oorsese soutmyn afgetree het, ry ek taamlik rond en val dit my op dat ons op die platteland (as mens nou die Boland "plat" kan noem) 'n paar uitstekende herhalers met besondere wye dekking tot ons beskikking het.

Een herhaler wat al sedert November 1977 in bedryf is en wat wye dekking gee is die 145,650 MHz op die Hawekwas-bergreeks bo die hoogste punt van die Du Toitskloof-pas. Meeste van ons lede is bekend met die herhaler se wye dekking wat van Kaapstad se Suidelike voorstede tot anderkant Vredenburg, Piketberg en Porterville strek. Dit gee ook dekking na Worcester. Dit was wyle Dupie ZS1HK se droom wat verwesenlik geword het toe die herhaler daar opgerig is.

Die herhaler kan soms vêr gehoor word. Einde Julie het ek die Gysmanspas gery. Hierdie pas gaan oor die Langeberg-reeks Noord van Heidelberg. Besig met die "opklim" aan die Noordekant deur die Boosmansbos Wildernis-gebied maak my radio se onderdrukking ("squelch") oop en ek hoor die herhaler. Ek het nie probeer inbreek nie omdat die sein baie swak was, so ek sou seker nie ingekom het nie, terwyl die pad op daardie oomblik al my aandag nodig gehad het. Die afstand was meer as 180 km en ek is seker as mens bietjie daar sou rondsoek, veral hoër op naby die kruin van die pas (736 meter bo seevlak) en miskien 'n antenne met bietjie wins gebruik, mens die Hawekwas 650 sal kan werk.

Voor ek oor die ander herhalers gesels, wil ek graag net noem hoe ek 'n herhaler evalueer as ek mobiel is. My ryding is met 'n vyf-agste antenne toegerus wat dus dieselfde as 'n dipool is, naamlik eenheids-wins (0 dB).

Al die herhaler-kanale op my mobiele-radio is op 5 Watt ingestel. Met die 5 Watt "trek" ek die herhaler en met niks meer nie. Dan roep ek met 10 Watt en gaan dan hoër of laer krag na aanleiding van die kommentaar wat ek van die OK wat ek mee gesels kry en ook wat my ontvangde seinsterkte is. Dt help nie om 'n herhaler met 50 Watt te "trek" nie, want dan gaan jy waarskynlik gou-gou op die eerste effense lae plek die herhaler verloor.

Die tweede herhaler wat uitstekend werk is die Piketberg herhaler op 145,625 MHz. Die Piketberg word deur 'n redelike gelyk area omring, wat die berg dus uitstekend vir 'n herhaler maak.

Ek kan die herhaler van voor my huis in Durbanville werk uit my mobiel met 15 Watt en het al vaste stasies so vêr Suid as Simonstad (145 km van die herhaler) gewerk, asook mobiele stasies teen Sir Lowrey's pas.

As ek hier van Durbanville via Malmesbury ry, kan ek die herhaler werk sodra ek aan die Noordekant van Malmesbury op die N7 kom. Waneer ek met die R45 afdraai en deur die heuwelagtige area beweeg waar die pad laer as die omliggende heuwels is, moet ek krag verhoog na 50 Watt om goeie inset te gee. Sodra ek egter na die paar kilometer aan die ander kant van die heuwels uitkom kan ek die QSO op 5 Watt voortsit. Mens kan die herhaler teen die Weskus op gebruik tot jy net voor Elandsbaai agter die berg verdwyn. Bietjie later weer iets oor die herhaler.

Dan was ek ook die afgelope tyd vier keer binne die dekkings-gebied van die 145,675 MHz herhaler en baie beindruk met die herhaler se dekking.

In Mei is ons 'n week lank met die Woonwa na die Breë-rivier valley. Ek het met die N2 gereis en by Stormsvlei afgedraai op die R317 en by Bonnievale gaan staan in Riggton Farm woonwa-park langs die Breërivier.

Net na mens by Stormsvlei afgedraai en die Riviersonderend gekruis het, beweeg mens deur 'n "deurgang" in die Riviersonderendberge. Hoewel nie te nou nie is dit so geleë dat die sein van en na Jonaskop feitlik "dwars" op die deurgang deur die berg moet inkom. Ek het die herhaler egter net vir 'n baie kort afstand "verloor".

Bonnievale is net 50 km van Jonaskop en dit is 'n "oop" pad, so ek kon met 5 Watt die herhaler met gemak werk.

My jongste dogter is op 13 Junie in Tulbagh getroud. Die onthaal was op 'n plaas reg Noord van Tulbagh, feitlik vas in die "hoek" wat deur die drie berge gemaak word. Ons het die naweek in huisies op die plaas gewoon. Effentjies laag af en my ryding het onder 'n groot treur-wilgerboom gestaan met die antenne tussen die "lote" in. Geen problem nie, ek gesels met 5 Watt en die rapporte sê 'n baie ligte "reën" op die inset. As ek krag vermeerder na 10 Watt dan is my sein heeltemaal "skoon" en "stil".

Die Sondagoggend terwyl ons gou die onthaalsaal help opruim, vra ek die eienaar van die plaas uit omtrent die televisie-opset in die huisies. Daar is 'n DSTV antenne en 'n Beeldradio-stel, mens moet jou eie dekodeerder bring. Ek vra waarom hulle nie ten minste 'n gewone terrestriële antenna aan die stel gekoppel het nie, vir mense wat nie 'n DSTV dekodeerder het nie, of net bv. die nuus wil kyk.

Hy sê toe dat daar nie ontvangs is nie. Ek sê: “Nee man, kan nie wees nie. Ek is ‘n Radio-amateur en kan ‘n herhaler-stasie op Jonaskop wat op dieselfde terrein as die FM/TV mas is gebruik. En dit net met ‘n paar Watt, terwyl die ontvangde sein baie baie goed is.”

Hy verduidelik toe dat hoewel hulle amptelik binne Jonaskop se dekking is, die TV sein by hulle Noord van Tulbagh heeltemaal onbruikbaar is. Eerstens moet die sein oor die punt van die Hexrivierberg kom, dan oor Mostershoek en dan al langs die Witzenberg af. Die sein is baie swak en ene spookbeelde. Almal op die plaas moet satelliet TV gebruik. Selfs al hulle werkers se huise is met satelliet-“skottel” antennes toegerus.

Goed, ‘n basiese FM sein is natuurlik nie naby so vatbaar vir refleksies as ‘n breë-band video sein nie, maar nogtans werk die 145,675 herhaler baie goed. Ek het met ons vertrek gemonitor wat die sein maak toe ek wegtrek, eers op die plaaspad en toe op die pad Tulbagh, want ek wou seker maak dat ek nie miskien op ‘n enkele “goeie kol” gestaan het nie en dat daar verder nie dekking is nie. Maar van die wegtrek kon ek deurentyd op pad terug na Tulbagh die herhaler bereik en goed ontvang.

Terloops, waar ek op die plaas gestaan het tot by die herhaler was 98 km en soos reeds gesê alles behalwe lyn van sig!

Einde Junie het ons rondgeswerf in die Grabouw/Elgin omgewing se valleie en meeste plekke was die 675 bruikbaar.

Laat in Julie is ons weer met die woonwa uit. Eers twee nagte net buite Wolseley gestaan by “Fynbosch Guest Farm” langs die R46. Nou daar ontvang mens beide die 145,650 en 145,675 goed, maar tot my verbasing kon ek die 145,625 MHz op Piketberg met 5 Watt “trek” en het ook ‘n sterk sein terug ontvang. Ek sou hom verseker kon gebruik het, maar nieteenstaande etlike kere se roep oor die naweek was daar niemand wat ooit terug gekom het nie.....

Van Wolseley is ons aan na Warmwaterberg op die R62 tussen Barrydale en Ladismith.

Ek weet dat die 675 kol-kol dekking gee in Montagu en het verwag dat dit na die lang bult Oos van Montagu op die R 62 nie meer werkbaar sal wees nie. Maar watwo! Elke bult wat ek opgaan kan ek die herhaler met 10 Watt “trek” en is daar ook ‘n sterk sein terug op ontvangs. Beslis nog steeds nog bruikbaar, maar ai, waar is al die mense op ‘n Sondagmiddag?

Ek het toe verwag dat waneer ek die kruin van “Op de Tradouw” (Hondeblafpas) oorsteek dit die einde van die dekking sal wees. Dit was wel

so, maar toe ek aan die Oostekant van Barrydale die dorp verlaat kom die 675 weer sterk in en mens kan hom beslis daar gebruik, 120 km vanaf Jonaskop. Volgens Francois ZR1ACF is langs die begrafplaas die beste plek om stil te hou en die herhaler te gebruik.

Daarna nog twee plekkies ‘n swak sein gekry, maar mens daal daarna soos jy Oos gaan op die R62 en later kom die Warmwaterberg ook tussen jou en Jonaskop.

Jonaskop is ‘n uitstekende terrein, want ek onthou dat in die begindae van Televisie-uitsendings heelwat mense in Ladysmith die Jonaskop-sender ontvang het, en ek het gesien dat ‘n OK in Prins Albert met ‘n groot BHF antenne opgerig het en glo goeie ontvangs gehad het oor ‘n afstand van so 220 km. Daar was destyds ook ‘n identiese groot antenne op ‘n huis by ‘n hoë plek in Calitzdorp wat ook op Jonaskop gerig was.

Die Warmwaterberg-oord is effens hoog geleë teen die Warmwaterberg en ek het van ‘n vorige besoek geweet dat mens die Stilbaai-, Danabaai- en George-herhalers van daar kon werk met so 25 watt op ‘n 5/8-ste mobiele antenne.

Met my besoek einde Julie was net Danabaai en die Riversdal se herhalers op die lug.

Die Riversdal-herhaler is net so 45 km vanaf Warmwaterberg, maar nie lyn van sig nie want die Langeberg is tussen-in. Nogtans het die herhaler sterk ingekom en kon mens dit met net 5 Watt “trek”.

Die Danabaai herhaler (ongeveer 115 km weg van Warmwaterberg en ook nie lyn van sig nie) het 10 Watt benodig om hom te “trek” en sy sein was nie baie sterk nie, maar nogtans dink ek hy sal soos voorheen heeltemaal werkbaar wees met effens hoë krag.

Die Sutherland-herhaler op 145,600 MHz bedien ook “oorgrens” groot dele van die Wes-Kaap soos die Ceres Karoo en ook Suid verby die N1 tot by die noordelikge ingang van Meiringspoort.

So hier in die Kaapstad-metro het ons twee herhalers met wye dekking (145,700 MHz en 145,750 MHz) wat baie goed aangevul word met die herhalers op die platteland wat ek bespreek het.

Baie dankie aan die OK’s wat betrokke is by die instandhouding en opgradering van die herhalers. Ek het ook al “Pa gestaan” vir ‘n herhaler en weet dit is ‘n ondankbare taak, want jy kry baie gebruikers nooit tevrede nie.

AGULHAS 2015

Die Internasionale Vuurtoring en Ligskip Naweek is 'n 48 uur gebeurtenis wat plaasgevind het op 15 en 16 Augustus met sowat 438 vuurtoring en ligskepe geregistreer. Suid-Afrika het 14 vuurtorings geregistreer vir die geleentheid.

Hierdie jaar het BARK drie vuurtorings beman. Dit was weer die vuurtoring by Agulhas die vuurtoring by Hangklip & die vuurtoring by Columbine.

Die Agulhas span was Deon – ZS1G, Fabian – ZR1FQ, Andre – ZU1KOK, Anton – ZS1ASV, Johan- ZS1RX en Rassie- ZS1YT .

HOE OM SATELLIET BEELDE TE ONTVANG

Deur Johan, ZS1RX

Daar is tans drie NOAA satelliete wat weerbeelde uitsaai. Die uitsending vind plaas op 137 MHz. Met ’n ontvanger en sagteware kan die seine vanaf hierdie satelliete ontvang word en gedekodeer word om pragtige satelliet beelde te verskaf.

Ek gebruik ’n DVB “dongle” wat ek van eBay af bestel het daarvoor. Die “dongles” word vervaardig om digitale TV te ontvang, maar met die regte sagteware maak dit ’n uitstekende ontvanger vanaf 50MHz tot 1700MHz.

Ek gebruik Wxtrack om te bepaal waar die satelliete is. Wxtrack het ook ’n funksie vir ’n “tracker” en ek gebruik daardie funksie om die ontvanger se frekwensie te verander in ooreenstemming met die Doppler verandering van frekwensie.

Die ontvanger sagteware wat ek saam met die “dongle” gebruik is SDRSharp. Hierdie is ’n sagteware gedefinieerde radio (SDR) ontvanger. SDRSharp het ’n DDE “plugin” waarmee Wxtrack en SDRSharp met mekaar kommunikeer om die frekwensie konstant te hou.

My dekoderingsprogram is Wxtoimg. Wxtoimg dekodeer die klank om die beeld te vorm. Ek gebruik ’n koppel program tussen SDRSharp en Wxtoimg om die klank vanaf die uitset van SDRSharp na Wxtoimg te koppel. Hierdie programmetjie is VBcable.

Al die programmatuur wat ek gebruik is beskikbaar op die internet en is almal verniet.



Probeer dit en geniet dit.

Vind sagteware by:

http://www.satsignal.eu/software/wxtrack.htm

HERHALER NUUS

‘n Groepie radio amateurs het die 145.650 terrein besoek op Du Toitskloof waar die antenna van die 2m herhaler vervang moes word. Die oorspronklikke antenna was ‘n hele ruk terug deur wind beskadig en tydelik is daar op ‘n geleende antenna en voerlyn gewerk wat nou weer deur ‘n komersieële gebruiker gebruik wil word. Daar is ook sommer ‘n bietjie verfwerk gedoen voor die werklike winterstorms die terrein ontoeganklik maak. Namens BARK baie dankie aan Paul ZS1V, André ZS1AN, David ZS1DDK en Matt ZS1MTF asook Rassie, ZS1YTwat hulle Saterdag op die berg deur gebring het.

Jan ZS1VDV en Rassie ZS1YT het onlangs ‘n opvolg besoek na die 650 herhaler terrein gedoen. Hulle het die battery gaan opkoppel sodat die herhaler nou ook in tye van Eskom donkerte kan werk. Hulle het ook die UHF skakels teruggesit en die nuwe repeater controller ingesit. Namens BARK bedank ons hulle vir hul tyd en insette.

HERHALER FOUTE

Epos herhaler foute na

wc-repeater-fault@googlegroups.com

HERHALER SAKE

Indien u ook weekliks die Wes- Kaap herhaler verslag wil ontvang, stuur net ‘n epos aan Rassie Erasmus by rassiezs1yt@gmail.com

BARK LIDMAATSKAP

Hoe sluit ek by BARK aan? Hoe hernu ek my lidmaatskap

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Gaan na BARK se webwerf by http://bark.org.za Gaan na Aansoek/Hernu vorm en voltooi die informasie wat verlang word. Of gaan direk na http://bark.org.za/?page_id=290 Doen 'n internet betaling in BARK se rekening in. Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA.
Takkode: Internet - 632005, Toonbank – 334312.
Rek No: 429720974.

Ledegeld vir 'n gewone lid is R100,00 en vir 'n skolier of student R50,00.

BELANGRIKE DATUMS EN GEBEURE

24 September is Nasionale Braaidag. Kyk op bladsy 16 van CQ Boland vir 'n lekker slaai en poeding resep van BARK se eie bobaas kok, Andre-ZU1KOK. Dit sal beslis jou braai vervolmaak!

24 & 25 September 2015- Die HEL Roepsein ZS9HEL

3 Oktober- BARK vergadering 11:00 te Stellenbosch Voortrekker terrein

10 Oktober- Die RTA word op 10 Oktober 2015 in die Weskaap aangebied en ek vertrou dat BARK lede weer goed verteenwoordig sal wees. Teen R130/lid met middagete, tee en koffie ingesluit is dit 'n wenner.

Onthou ***Amateur Radio News Line*** word Maandagaande om 19h30 deur André ZS1F uitgesaai op die 145.700 herhaler. Moenie hierdie uitsendings misloop nie.

NASIONALE BRAAIDAG 24 SEPTEMBER

Deur Andre, ZU1KOK

BROODSLAAI

Slaai Bestandele
1 ou witbrood, korsies afgesny en in blokkies gesny
Olie vir braai
1 koppie kaasblokkies
1x 440g blik pynappelstukke, gedreineer
Paar aghurkies in stukke gesny
1 rooi soetrissie ontpit en in stukke gesny
Sous Bestandele
1x 397g blik kondensmelk
1/4 teelepel mosterdpoeier
2 eetlepels suurlemoensap
1/4 koppie mayonaise
Metode
Diepbraai broodblokkies in olie en dreineer.
Meng met res van slaai bestandele.
Meng al die sous bestandele saam en giet oor slaai.
Wenk
Moenie lank voor die tyd meng nie, anders word die brood pap.

Marie Beskuitjie Nagereg

1 liter Kitsvla
Appelkooskonfyt of Karamelkondensmelk
1 pak Marie Beskuitjies
Metode
Verhit vla tot baie warm.
Plak die Marie Beskuitjies twee - twee opmekaar met Appelkooskonfyt of Karamelkondensmelk.
Rangskik in 'n platbak.
Giet die warm vla oor die Marie Beskuitjies en laat afkoel.
Eet en Geniet.

Die uwe

André
ZU1KOK

VAN:

Boland Amateur Radio Klub